Towerlantern Fotografie

fotografienuus

junie 2021

Abstrak in geel

Lensopening: f32; Sluiterspoed: 0,8 sekonde; Fokale lengte: 100 mm

As jy wonder oor ons voorbladfoto, dan is dit te verstane. As jy wonder oor wat die fotogenre is, dan is dit kleur, meer spesifiek abstrakte kleur. En as jy wonder wat afgeneem is, dan is die antwoord: Die kleur geel.

Ons gee in hierdie uitgawe van Fotografienuus aandag aan abstraktekleur-fotografie. Twee sake wat van belang is, is abstrakte fotografie en kleur-fotografie (let op na die skryfwyse van laasgenœmde, in teenstelling met kleurfotografie, wat verwys na kleurfoto's). As jy wonder hœkom iets afgeneem word wat "onduidelik" is, wees gerus, ons sal dit ook motiveer.

Ons het ook, soos gewoonlik, ander bydræs in hierdie uitgawe. Lees gerus, in aansluiting by ons Mei-uitgawe se reisbespreking, oor 'n reis langs die Skedelkus in Namibië en 'n staptog in Luxemburg Stad, in die staat Luxemburg. Dit is nou afgesien van ons gereelde artikels oor wenke, riglyne en foto-idees. Geniet dit.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk
Bladuitleg: Fransa van Colourcode Designs

Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, dœn gerus navraag.

voorbladfoto

Oorspronklike foto

Werklike toneel

Pak jou kleurpalet in jou kamerasak in en kom saam op 'n kleurreis. Jy sal verrassende dinge op hiedie reis ontdek. Die eerste is om agter die tegniek van die voorbladfoto te kom. In verband hiermee is daar twee sake wat ons wil nœm, naamlik ligte fotoverwerking en effense kamerabeweging.

Die foto links bo wys die oorspronklike foto. Die verwerking is "lig" – jy benodig nie eens iets soos Photoshop nie. Die volgende is gedœn: Die foto is gesny (Engels: *crop*), die kleur is meer versadig gemaak en die foto is gedraai, vir die beste komposisie (en tœ weer teruggedraai).

Die foto regs bo wys hœ die werklike toneel gelyk het – jy sal saamstem dat dit baie oninspirerend is. Dis net 'n kiekie (wel met mooi kleure). Die tegniek wat gebruik is om by die finale produk uit te kom, is deur gebruik te maak van kamerabeweging. Weereens, geen duur Photoshop nie. Lees verderaan meer oor kamerabeweging by *Wenke vir die neem van kleur- en abstraktekleur-fotografie*.

Wees nou reeds bewus van die klein lensopening (f32) en die relatiewe lang (stadige) sluiterspœd (0,8 sekonde).

Towerlantern Fotografie
- junie 2021-

Verskillende kleuraspekte

Almal is bekend met die standaard kleurwiel (ja, daar is ook andere).
Neem weer kennis daarvan en ook van die verdere begrippe.

Komplementêre kleure is enige twee kleure wat teenoor mekaar op die kleurwiel staan, byvoorbeeld oranje en blou, geel en violet.

Harmonieuse kleure is enige twee kleure wat naasliggend staan op die kleurwiel, byvoorbeeld geelgroen en groen, groen en blougroen.

Kontrasterende kleure is enige drie (of meer) kleure wat reëlmatig op die kleurwiel staan, byvoorbeeld geel, rooi en blou.

Botsende kleure is enige kombinasie van kleure wat nie op 'n reëlmatige manier op die kleurwiel staan nie, byvoorbeeld rooi, oranje, blou en blouviolet.



Neutrale kleure word verkry deur gelyke hoeveelhede van die primêre kleure rooi, geel en blou te meng om die neutrale "kleur" swart te kry. Wit is die enigste ander ware neutrale "kleur".

Monochromatiese kleure kom na vore indien slegs een kleur in 'n foto voorkom, met verskillende kleurwaardes. Die neutrale kleure wit en swart kan altyd bygevoeg word – dit bly steeds monochromaties.

Warm en koel kleure is die twee helftes van die kleurwiel, soos in die figuur. Let veral op na waar die skeidslyn loop.

Google *kleurwiel* of *colour wheel* vir ander kleurwiel-variasies.

Towerlantern Fotografie
- junie 2021-

VERSKILLENDE KLEURPALETTE

Volgens die HAT, is 'n palet "'n verfbordjie van 'n kunsskilder, gewoonlik 'n dun, ovaalvormige plankie met 'n gat daarin vir die duim".

Vir ons doel gebruik ons dié term "palet" egter baie wyer, naamlik dat 'n kleurpalet 'n versameling kleure is wat tot beskikking is vir die skep van 'n kunswerk (skildery of foto). Gebruik die Engelse soekterm *colour palette* of Amerikaanse soekterm *color palette* om 'n goeie idee hiervan te kry.

Vir fotografie-doeleindes sou jy dus ook kon besluit op sekere kleure wat jy in 'n foto wil gebruik – dit is dan jou kleurpalet. As voorbeeld om die idee te verstaan, hier is so 'n kleurpalet vir die voorbladfoto:

Ook jou kamera maak gebruik van kleurpalette, naamlik sRGB en Adobe RGB. Kyk op jou kamera na die spyskaart en vergewis jouself daarvan. Hier is die inligting vir Canon en Nikon:

Canon: *Color space*, dan sRGB / Adobe RGB.

Nikon: *Shooting menu*, *Color space*, dan sRGB / Adobe RGB.

Begin dus om in die toekoms in terme van kleurpalette te dink wanneer jy foto's neem. Jy sien dalk die lewe net miskien meer kleurvol.

Towerlantern Fotografie
- junie 2021 -

Versyfering van die wêreld

In die vak Filosofie is daar 'n afdeling wat bekend staan as die Verwiskundiging van die wêreld. Hiermee word onder andere bedœl dat alles in die lewe in terme van getalle uitgedruk word. Hier is 'n paar voorbeelde:

- Stap by 'n mediese sentrum in en jou temperatuur word gemeet. Sê maar 36,1 grade Celsius, en jy is gesond.
- As jy bo 'n sekere ouderdom is (tans 60 jaar), kan jy jou Covid-19-inenting kry (met 19 verwysend na die jaartal 2019).

Net so word kleure ook versyfer. Hier is voorbeelde:

- Die reënboog het 7 kleure. Miskien onthou jy dit volgens die eselsbrug VIBGGOR of ROGGBIV.
- Gaan koop verf by 'n verfwinkel en die verf word volgens 'n kleurmonster-kode presies volgens jou keuse gemeng.
- Elkeen van die miljœne kleure op jou selfoon- of kamera-skerm kan volgens 'n bepaalde kode weergegee word.

HET JY GEWEET?

Bron: Sterrekunde-woordebœk

- Die volgende voorvœgsels word gebruik vir groot getalle (elkeen 1000 keer groter as die vorige een):
  kilo-, mega-, giga-, tera-, peta-, eksa-.
- In Afrikaans praat ons van duisend, miljœn, miljard en biljœn (elkeen 1000 keer groter as die vorige een)
- In Engels praat ons van thousand, million, billion, trillion.

In ons moderne lewe word ontwerpkleure baie presies met kleurkodes aangedui en gepatenteer. Twee voorbeelde is die volgende.

Die tweekleurige Switserse vlag:

- Rooi: Hex: #ff0000 of RGB: (255, 0, 0)
- Wit: Hex: #ffffff of RGB: (255, 255, 255)



Die grœn John Deere-trekker en werktuie:

- Grœn: Hex: #367c2b of RGB: (054, 124, 043)

Towerlantern Fotografie
- junie 2021-

Wenke

vir die neem van
KLEUR- EN
ABSTRAKTE-
KLEUR-FOTO'S

Neem kennis van die volgende:

- ✓ Abstrakte kuns (insluitende abstrakte fotografie) is die kunsvorm waarin daar nie probeer word om 'n akkurate voorstelling van die werklikheid te gee nie. Daar word eerder klem gelê op vorms, patrone, kleure, ensovoorts. As die klem spesifiek op kleur val, praat ons van abstraktekleur-fotografie. Gebruik die sœkterm *abstract colour* vir baie kuns-voorbeelde.
- ✓ Voordat jy abstraktekleur-fotografie aandurf, is dit die beste om eers op die uitkyk te wees vir kleure, byvoorbeeld helder geverfde mure, mooi herfsbome, reënboë, ensovoorts. Gaan dan 'n stap verder en waag jouself aan abstraktekleur-fotografie.
- ✓ Probeer sover moontlik om komposisie in gedagte te hou. Dit help as daar 'n trefpunt in 'n foto is, eerder as net 'n deurmekaarspul. Hou die kyker ook in gedagte.
- ✓ Vir die skep van luim in 'n foto is kamerabeweging handig. Dié tegniek kom daarop neer dat die kamera baie effens reëlmatig beweeg word wanneer die sluiter oop is. Hiervoor mœt die sluiterspœd stadig wees (byvoorbeeld 0,8 sekonde). Wees versigtig om die kamera nie te wild te swaai nie.
- ✓ Deur 'n foto onskerp te neem (soos met kamerabeweging) word 'n totaal nuwe gevœlswaarde aan foto's gegee. 'n Fotograaf kan op dié manier baie kreatief wees.

Stuur gerus 'n nota aan ons as jy wonder oor enige van hierdie punte. Ons sal volgende maand ook meer oor abstraksie in fotografie gesels.

RIGLYNE VIR KLEUR-FOTOGRAFIE

MAAK SEKER:

- ✓ Jy het 'n kleurvolle toneel voor jou.
- ✓ Die kamera is op 'n driepoot opgestel, sodat jy presisie-fokussering en komposisie kan doen.
- ✓ Jy weet watter kleurvorm jy wil afneem.

FORMAAT

Enige moontlikheid – onthou wel dat landskapformaat in 'n Power-Point-skyfie 'n beter indruk skep.

WITBALANS

Varieer die witbalans-instelling soos nodig.

TIPE LENS

Enige tipe, afhangende van die toneel.

ISO

Hou die ISO so laag as moontlik.

KEUSE VAN FOKUSPUNT

Kies 'n trefpunt vir die fokussering.

FYN FOKUSSERING

Kontroleer weer die fokussering.

LENSOPENING EN SLUITERSPOED

- ✓ As die toneel skerp moet vertoon, is dit om die ewe watter van hierdie twee instellings eerste gedoen word. Gebruik beslis die kamera se liniaal vir die instelling.
- ✓ As die kamera beweeg gaan word (soos by die voorbladfoto), begin beslis by die sluiterspoed en stel dié op ongeveer 0,8 sekonde. Gebruik dan die liniaal vir die instelling. As die toneel te lig vertoon, gebruik 'n verdonkeringsfilter of wag tot later.

Towerlantern Fotografie
- junie 2021 -

Life in color – *David Attenborough*

As jy nou regtig kleur in die natuur wil sien, en ook baie goeie natuurfotografie, maak seker dat jy op Netflix gaan kyk na David Attenborough se Life in color. Vir 'n lusmaker, gaan kyk by https://youtu.be/WYj-7IrjC4c



ADVERTENSIE

Te koop: 70-300 mm Canon-lens;
gœd opgepas en in 'n skoon tœstand.
Prys: R1500 plus R100 kœrierkoste.
Rede vir verkoop:
Vandat ek 'n 100-400 mm lens gekoop het, gebruik ek nie meer die 70-300 mm lens nie.
Kontakpersoon en -nommer:
Elna Geringer, 082-898-8939

FOTO-*idees*

FOTO-IDEE 1:
Monochrome foto's

Neem monochrome of byna monochrome foto's sonder om gebruik te maak van enige eksterne of interne kamerafilter of instelling.

FOTO-IDEE 2: Tweekleurige foto's

Neem foto's waarin, behalwe die neutrale kleure wit en swart, hoofsaaklik slegs 2 kleure voorkom.

Towerlantern Fotografie
- junie 2021 -

FOTO-idees (vervolg)

FOTO-IDEE 3: Atmosfeer

Neem foto's met klem op kleur-gevœl eerder as die werklikheid. Verkry op dié manier atmosfeer in 'n foto wat nie andersins gekry sou word nie.



FOTO-IDEE 4: Kontras

Gebruik jou selfoon en skep kontras (byvoorbeeld kleur- of ligkontras) in die foto.

REIS SAAM

Namibië

Avontuur van 'n leeftyd

Emsie Norval, Plettenbergbaai

Ek en manlief Jan het die voorreg gehad om die Namib te beleef as deel van ons langverwagte Namibië-tœr wat uiteindelik die afgelope Maart aangebreek het. Die tœr het bestaan uit drie bene: Sentrale Namibië, Skedelkus en Etosha.

Vanaf Swakopmund het ons noordwaarts langs die kus beweeg. Ons eerste stop was Sesfontein, waar ons langs die rivier gekamp het en 'n kitsvlœd beleef het. Hier het ons die krag van water aanskou en gesien wat se skade dit aan die natuur kan aanrig. In Puros het ons by die Konsessiehouers aangesluit vir ses dæ se avontuur.

Ons het twee dæ gery tot by ons kampterrein so 15 km vanaf die Kunene riviermond, waar ons vir twee nagte kamp opgeslaan het in die duine. Hiervandaan het ons na die binneland gedraai.

Die Namib wœstyn is asemrowend mooi met eeu-oue plantegrœi, maar dis ook ongenaakbaar. Wanneer mens na die eindeloosheid kyk, kan mens nie anders nie as om jouself net weereens te verwonder aan die grootsheid van God.

Ons drie weke het te vinnig verbygegaan en 9000 km later mœs ons weer huiswaarts keer. Maar ons wedervaringe word van tyd tot tyd weer beleef, want Namibië is enige fotograaf se droom. Lekker herinneringe, wat ek ook graag met julle deel.

Wanneer mens in die Namibwœstyn
op die bo-punt van een van die hoogste duine op aarde staan,
vœl dit of die sand onder jou vœte strek tot in ewigheid.
Met duine wat eindeloos tot in die oseaan rol, is die Namib
– een van die oudste wœstyne ter wêreld – "
'n see van silika wat strek al langs die Namibiese kuslyn.

Towerlantern Fotografie
- junie 2021 -

REIS SAAM

Luxemburg Stad

'n 'Foto-lopie'

Luzelle Andrews, Baschleiden, Luxemburg

Ons is 'n klein fotogroepie wat graag op "foto-lopies" gaan. Ons was onlangs in Luxemburg Stad om die mooi lentekleure vas te vang.

Ek is lief vir Luxemburg Stad. Dit is interessant om te weet dat Luxemburg (oftewel, die Groothertogdom van Luxemburg) 'n land is, maar die stad word ook Luxemburg Stad genoem. Luxemburg is die laaste Groothertogdom (Engels: *Grand Duchy*) in die wêreld. Die stad is propvol geskiedenis en baie van die ou fort (ook die ou stadsmuur), wat terug dateer tot die jaar 963, het deels steeds behoue gebly. 'n Deel van die muur, waarvan 'n groot deel uit 'n netwerk van tonnels bestaan, kan gesien word op die foto.

Die stad is vol besondere foto-tonele. 'n Baie bekende baken in die stad is Neumünster Abdy. Maar dan is daar ook die pragtige Pont Adolphe brug, die nie-amptelike nasionale simbool van Luxemburg. Die brug is gebou tussen 1900 en 1903. Behalwe vir die motorweg op die boonste dek van die brug, bestaan die brug nou ook uit 'n spoorlyn, 'n voetpad en 'n fietsbaan na talle renovasies.

Onthou Luxemburg vir jou volgende Europese besoek!

Towerlantern Fotografie

– junie 2021 –

Deur die hooglande van Lesotho

Josef Steyn, Stilbaai

Die gedeelte oor reisfotografie in verlede maand se Fotografienuus het my laat dink aan 'n ervaring wat ek 'n paar jaar gelede gehad het. Dit was 'n reis saam met my kollega, Hennie Cronjè, deur Lesotho se hooglande.

Omdat die pas waarlangs ons gery het min stopplekke gehad het, moes ek 'n hele paar keer sommer in die ry skiet. Ek het verwag dat dit dalk nodig sou wees en vir Elsa, my vrou, gevra om te bestuur. Ek het die kamera ingestel vir maksimum sluiterspoed en meeste van die foto's is geneem teen 1/3000 of 1/4000 sekonde. Dit het natuurlik genoodsaak dat ek die lens groot moes oopmaak (meestal f4) en dat ek soms die ISO ook redelik moes opstoot.

Dié prosedure kan natuurlik slegs werk as jy diep in die landskap kan fokus. Ek het nogal goeie resultate verkry. Ek heg 'n foto aan wat ek geneem het teen f4, 1/3000 sekonde en ISO 640.

Die foto is verbasend skerp, gegewe die feit dat ons teen ongeveer 80 km per uur op 'n stamperige teerpad gery het.

WATTER KAMERA IS BETER?

Is jy bang jou kamera is nie gœd genœg om gœie foto's te neem nie? Wees gerus – 'n gœie foto word nie noodwendig met 'n gœie kamera geneem nie. Dit gaan veel eerder oor wat jy met jou kamera en kennis dœn!

Die twee ikoniese kunswerke hierby is geneem met kameras wat uit vandag se oogpunt baie "swakker" is as wat joune dalk is. Maar tog is dit uitnemende foto's. Lees Sherwin Pathe se siening hieroor en laat weet of jy saamstem. (https://bit.ly/2R66bHl)

Sherwin Pather
· April 30 ·

Stop asking "Which camera"

These are 2 of some of the most famous pics ever taken.

"Afghan Girl" By Steve McCurry captured on a Nikon Fm2. - 1984

"Migrant Mother" By Dorothea Lange on a Graphlex Super D - 1936

My point in sharing this is the fact that your Nikon D3400 or Canon 4000D would run circles around these above mentioned cameras. The technological advancement of today is astounding, infact its the greatest its ever been and yet it has crippled us to thinking that everything is about Gear.

Rather ask what the editing process was like. Ask the photographer what was their goal and what did he/she envision when they captured the shot. Ask them why did they compose the image that particular way. Ask what settings were used and why. Ask what were the conditions of light experienced when the image was taken. Ask how to balance ambient and flash. Whether direct flash or bouncing the light. Ask how best to position your lighting. Ask which lens would be good for portraits, ask why that lens will be good for portraits. Ask how the lens is affected by the crop factor.

These are the kind of questions that you learn from. Not "What camera did you use". His got a 24mp camera while you have a 18mp camera that means nothing. You still have more mp and better cameras than Steve McCurry and Dorothea Lange had when they captured these images.

I always encourage Newbies to Learn, learn, learn but I promise you. Asking which camera isn't going to teach you anything.



▲"Migrant Mother" - Graphlex Super D
◀"Afghan Girl" - Nikon Fm2

Towerlantern Fotografie
- junie 2021-